VOLKSBLAD 15/2/08

# Flamink-kuikens kan vrek ná drie se skorsing

## *Kamfersdam by Kby nou glo nie behoorlik gemonitor*

■ JANA ENGELBRECHT

KIMBERLEY. – Die toekoms van sowat 9 000 flamink-kuikens op die kunsmatige broei-eiland van die kleiner flaminksoorte van Kamfersdam buite Kimberley, is moontlik in die gedrang omdat daar glo niemand is wat die veranderinge, bedreiging en die gesondheid van dié kuikens kan monitor nie.

Dit is die mening van die Natuurlewevereniging van Suid-Afrika (Wessa) in die Noord-Kaap, nadat drie senior amptenare van die Noord-Kaapse departement van ekonomie, toerisme, omgewing en bewaring vandeesweek geskors is.

Mnre. Mark Anderson, ornitoloog, Julius Koen, adjunkdirekteur: bewaring, en Eric Hermann van wetenskaplike dienste is Maandag met volle voordele geskors omdat hulle glo betrokke is by die veldtog vir die red van die flaminke.

Al drie het senior aanstellings op assistent-direkteursvlak.

Die veldtog is nie net oor die beplande residensiële ontwikkeling naby Kamfersdam nie, maar veral omdat kommer bestaan oor die watergehalte omdat riool glo in Kamfersdam vloei weens die feit dat 'n deel van die Homevale-rioolaanleg glo nie in werking is nie.

Mnr. Bob Hasty, woordvoerder vir Wessa in die Noord-Kaap, het gister gesê van dié kuikens is op die oomblik siek.

"Hulle het sere op hul bene. Hul toestand kan vererger as hulle nie dopgehou word nie. As die water verder besoedel word, bestaan die moontlikheid dat die kuikens kan doodgaan."

Hy het gesê die situasie by Kamfersdam kan agteruitgaan terwyl dié drie mans geskors is.

"Anderson en Hermann het die veranderinge in die water gemonitor en het die bedreigings afgeweer. Hulle het die gesondheid van die kuikens fyn dopgehou."

Hasty het gesê hy glo die veldtog vir die red van die flaminke en ander nie-winsgewende organisasies deel die bekommernisse van Wessa.

"Die implikasies van die mans se skorsing het verreikende gevolge vir die natuurbewaring van ons provinsie.

"Dié gevolge kan vermeerder terwyl die mans geskors is. Wie gaan die wetenskaplike-ondersteuningsdienste in hul afwesigheid waarneem? Wie gaan aanbevelings aan die bestuur van die departement maak? Wie gaan permitte goedkeur? Wie gaan spesialis-advies aan die gemeenskap gee?"

Hasty het gesê Wessa wil ook weet wie die skoene van dié wetenskaplikes gaan vol staan in verband met omgewingsimpakstudies.

"Op die oomblik word die provinsie se natuur en biodiversiteit erg in gevaar gestel."

Mnr. Bob Dehning, ondervoorsitter van die Gauteng-bewarea, het ook gister dié organisasie se ontsteltenis oor die skorsing van die mans uitgespreek.

"Dit wil voorkom asof daar 'n blatante poging aangewend word om negatiewe kommentaar oor die voorgestelde ontwikkeling in die kiem te smoor.

"Dit is baie ontstellend en laat mens dink daar is korrupsie aan die gang."

Hy het gesê die kunsmatige broei-eiland vir dié flaminke is van die uiterste belang.

Mnr. Mandla Ndzilili, woordvoerder van die Noord-Kaapse departement van ekonomie, toerisme, omgewing en bewaring, het vroeër gesê dié drie is geskors nadat die bestuur van die departement hieroor gepraat het.

Die bewerings oor hul betrokkenheid word in 'n ernstige lig beskou.

Ndzilili het gister gesê daar is mense in die wetenskap-eenheid van die departement wat die werk kan doen as dit nodig is. "Van hierdie mense het saam met die geskorste amptenare gewerk.

"Ons wil u verseker dat die verantwoordelikheid van die departement teenoor Kamfersdam voortgaan."